

## Gereformeerde Kerk Bellville – 8 April 2018 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 119:9, 10 (p. 587)

- 9 Ag, hoe kleef ek aan die stof al! / Maak my lewend na u woord –  
U tog wie 'k my sorg vertel het, / laat u kneg nie onverhoord.  
Lei my altoos voort en verder / om u wonders te oordink,  
my wat droewig en verslae / haas in kommernis versink.
- 10 Weer my voet van leuenpaaie / en verleen my, HEER, u wet,  
my wat kies die weg van waarheid / en wat U verorden het.  
Gee my hoop, en ek sal lewe, / troos, en weg is my gekwel!  
Gaan met weldaad voor, dan volg ek, / dan betrag ek u bevel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Loflied: Psalm 103:1, 2 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!  
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,  
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,  
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,  
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed

Psalm 46:1, 4 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,  
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.  
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;  
laat berge uit hul stee / wegwinkel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.
- 4 Gewis die HERE Sebaot / sal sy gedugte mag laat blyk;  
in nag en storm sal Jakobs God / ons rotsburg wees wat nooit beswyk.  
kom nader en bemerk, / aanskou die HEER se werk; / hoe Hy die wêreld rig;  
hoe alles voor Hom swig / en in ontsetting weg moet wyk!

**Skriflesing:** Matteus 26:17-30; Heidelbergse Kategismus, Sondag 29

**Kernvers:** Matteus 26:26-28

**En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.**

(Matteus 26:26-28 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 78: Verander die brood en wyn dan in die werklike liggaam en bloed van Christus?**

*Antwoord: Nee (a), maar soos die water by die doop nie in die bloed van Christus verander of die afwassing van die sonde self is nie, maar slegs 'n Goddelike teken en*

versekering daarvan (b), so verander die brood by die nagmaal nie in die liggaam van Christus self  
nie (c). Ooreenkomstig die aard en gebruik van die sakramente word die brood egter die liggaam van Christus genoem (d).

(a) Matt 26:29. (b) Efes 5:26; Tit 3:5. (c) 1 Kor 10:16; 11:26. (d) Gen 17:10, 11; Eks 12:11, 13; 13:9; 1 Pet 3:21; 1 Kor 10:3, 4.

**Vraag 79: Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe Testament in sy bloed en waarom noem Paulus dit die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus?**

*Antwoord: Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê: Hy wil ons daarmee leer dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe (a). Verder wil Hy ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang (b). Hy verseker ons ook dat al sy lyding en gehoorsaamheid so seker ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het.*

(a) Joh 6:55. (b) 1 Kor 10:16.

**Tema:** Hoe die Here aan sy kinders geloofsekerheid gee

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens besig is met 'n reeks preke aan die hand van ons Heidelbergse Kategismus en ons kom sover as wat ons nou al gevorder het, kan daar maklik gevra word: Is dit regtig nodig om so baie oor die nagmaal te praat? Is dit regtig nodig om nog 'n keer iets te sê oor die verskille tussen die gereformeerde wyse van nagmaal vier en hoe die Rooms-Katolieke Kerk dit doen?

Ons het by die eerste gesprek oor die nagmaal by Sondag 28 opgemerk dat die nagmaal een van die kwessies was waaroor die verskille tussen die gereformeerdes en die Rooms-Katolieke Kerk baie groot was. Daarom is die antwoorde op die vroeë rakende die nagmaal so uitgebreid. 'n Mens moet ook onthou dat almal wat hulle tydens die Hervorming by die reformatoriese kerke geskaar het vroeër lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk was. Al die afwykings wat die Rooms-Katolieke Kerk aangaande die nagmaal geleer het, was nog diep gewortel by hierdie mense wat nou gereformeerde is. En almal van ons weet hoe moeilik dit is om iets af te leer wanneer jy daarmee grootgeword het. Gewoontes en gebruike is soms so diep gewortel dat nie almal dit regkry om dit heeltemal te verander of af te leer nie.

Wanneer ons by Sondag 29 kom, is daar iets wat ons baie duidelik moet raaksien. Die klem in albei die antwoorde op hierdie twee vrae val op sekerheid – en dan in besonder op geloofsekerheid. As daar een ding is waarsonder niemand in enige verhouding kan klaarkom nie, is dit sekerheid.

Ouers moet hulle kinders aanhoudend die versekering gee dat hulle nog hulle kinders liefhet. 'n Mens sien die skade raak wat by kinders aangerig word wanneer hulle nie seker is van die liefde van hulle ouers nie. In die huwelik is dit ook nodig dat 'n man gereeld vir sy vrou sê dat hy haar liefhet. So het Christene ook in hulle verhouding met die Here nodig om verseker te word dat die Here hulle liefhet. Christene het nodig om te weet dat God regtig hulle sondes vergewe het.

Wanneer dit kom by die sekerheid wat Christene wil hê oor hulle verlossing en hulle kind-

wees van God, kom 'n mens agter op watter vreemde maniere sommige Christene meen hulle sekerheid kan kry. Een van die algemene opvattinge onder Christene is dat hulle meen hulle kan sekerheid kry slegs wanneer hulle een of ander besondere, persoonlike ervaring gehad het. Baie mense dink jy moet iets soos 'n Damaskus-belewenis hê soos wat Paulus gehad het voordat jy seker kan wees dat jy regtig 'n verlore kind van God is. Dit is as gevolg van hierdie soeke na iets besonders wat jy moet ervaar dat daar so baie gelowiges is wat soms in 'n geestelike depressie verkeer. Hulle het nog nooit so 'n besondere ervaring gehad nie en daarom knaag die twyfel voortdurend aan hulle. Hulle kan net nie by daardie punt kom om verseker te weet dat hulle verlos is en die ewige lewe het nie.

Alle gelowiges worstel die een of ander tyd in hulle verhouding met die Here oor sekerheid. Dan wonder jy: Is ek regtig ook deur Christus verlos? Sal ek ook die ewige lewe saam met die Here op die nuwe aarde mag geniet? Nou weet ons ook dat niemand van ons 'n ander gelowige van sy ewige verlossing kan verseker nie. En dit gaan ook nie baat om nuuskierig die verborgenhede en dieptes van God te probeer deursoek om sekerheid oor jou ewige verlossing te kry nie. Dit is net die Here wat hierdie sekerheid aan 'n gelowige kan gee. Gelowiges word op God se tyd van hulle ewige verlossing verseker.

Dit beteken egter nie dat 'n gelowige nou maar net moet sit en wag totdat die Here aan hom sekerheid gee nie. Nog minder beteken dit dat 'n gelowige al twyfelende moet voortploeter totdat die Here aan hom sekerheid gegee het nie. In sy groot genade het die Here middele tot beskikking van sy kinders gestel wat hulle moet gebruik. Ons noem hierdie middele wat die Here aan gelowiges gee *genademiddels*. Genademiddels is nie vreemde goed waarvan ons nog nooit gehoor het nie. Die genademiddels wat die Here aan sy kinders gee, is sy Woord en sakramente.

Die Here wil nie hê dat sy kinders in onsekerheid lewe oor hulle ewige verlossing nie. Onsekerheid maak dat 'n mens die vreemdste goed begin dink wat nie waar is nie. Onsekerheid veroorsaak ook dat 'n mens nie met oorgawe in diens van die Here kan lewe nie. Daarom het die Here sy Woord gegee waarin Hy sy kinders leer om Hom ten volle te vertrou. Hy is die God van waarheid. En wanneer die Heilige Gees 'n sondaar tot bekering gebring het, verseker Hy ook die gelowige met die Woord dat hy werklik verlos en vergewe is. Maar woorde alleen is nie altyd genoeg nie. Wanneer ouers net altyd vir hulle kind sê dat hulle hom liefhet en hulle doen niks verder nie, gaan dit veroorsaak dat die kind weer begin wonder of sy ouers hom regtig liefhet, of sê hulle dit net sodat hy beter moet voel? Maar wanneer Pa en Ma hulle kind 'n stywe drukkie gee terwyl hulle sê dat hulle hom liefhet, het hy soveel meer rede om seker te wees dat hulle hom regtig liefhet.

Omdat die Here alwetend is, het Hy aan sy kinders meer as net sy Woord gegee. Dit is in die sakramente waarin die Here aan sy kinders nog meer sekerheid gee oor sy liefde vir hulle. Met die sakrament wys die Here hoe lief Hy sy kinders regtig het. En wanneer gelowiges die nagmaal vier, kan hulle in die tekens en seëls van brood en wyn sien dat die Here hulle werklik van hulle sonde vergewe het en aan hulle die ewige lewe gee.

In hierdie stadium keer ons terug na die mense wat tydens die Hervorming hulle by die kerk van die reformasie geskaar het. Hierdie mense het met die Roomse dwaling groot geword dat die brood en wyn regtig in die liggaam en bloed van Christus verander. En toe hulle hul van die Rooms-Katolieke Kerk afgeskei het en hulle by die reformatoriese kerke gevoeg het, hoor hulle dat die brood en wyn nie regtig verander nie. Dit bly brood en wyn net soos wat die water by die doop water bly en nie in die bloed van Christus verander nie.

Daarom sou hierdie nuwe lidmate in die reformatoriese kerke kon gevra het: **Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe Testament in sy bloed?** Wanneer Christus sê dat die brood sy liggaam is en dat die beker wyn sy bloed is, gebruik die Here 'n metafoor. 'n Metafoor is 'n vergelyking sonder om die woord soos te gebruik. Jesus het dikwels metafore gebruik. Hy het gesê dat Hy die deur is vir sy skape. Hy het ook gesê dat Hy die wynstok is. Wanneer Hy Homself 'n deur noem, dink ons tog nie dat Hy 'n regte deur met skarniere en 'n deurknop is nie. Ons dink ook nie dat Hy regtig 'n wynstok is met lote waaraan blare en vrugte groei nie. Dit is mos nou sommer laf om so te dink.

Wanneer Jesus Homself die deur vir sy skape noem, beklemtoon Hy dat 'n mens slegs in Hom moet glo om toegang tot die Vader in die hemel te kry. Wanneer Hy Homself die wynstok noem, beklemtoon Hy dat gelowiges deur die ware geloof in Hom ingelyf moet wees sodat hulle kan groei in hulle geloof en vrugte van die ware geloof kan dra. Wanneer Jesus dan sê dat die brood sy liggaam is, bedoel Hy dat die brood soos sy liggaam is en sy liggaam voorstel.

Jesus het egter nie gesê dat die brood soos sy liggaam is nie. Hy het gesê die brood is sy liggaam. Ooreenkomstig die aard en gebruik van die sakramente word die brood die liggaam van Christus genoem. 'n Sakrament is bedoel om die gelowiges te leer en te verseker.

Wanneer die Here die nagmaal gebruik om gelowiges te leer, wys die Heilige Gees hulle daarop dat soos wat 'n mens brood en wyn eet en drink om die tydelike lewe te onderhou, so is Christus se liggaam en bloed die ware voedsel vir die ewige lewe. Dit beteken dat Christus se lyding en sterwe die ewige lewe aan gelowiges gee, want God vergewe die gelowiges se sonde en gee aan hulle die ewige lewe omdat Christus in hulle plek die straf op die sonde gedra het.

Die brood en wyn van die nagmaal is ook waarborge waarmee Christus die gelowiges verseker. Op die vraag waarom Christus dan die brood sy liggaam noem, antwoord die gelowige dat daar gewigtige redes is waarom Christus so gesê het. 'n Vergelyking is verstaanbaar en akkuraat. Ons sou verstaan het wat Jesus vir ons sê as Hy sou sê: Die brood wat gebreek is, is soos sy liggaam wat vir die sondes van mense gebreek is. Maar 'n metafoor is nog kragtiger.

Wanneer jy die kunstenaar wat 'n skildery van jou pa gemaak het, wil verseker dat die skildery 'n ware weergawe van jou pa is, kan jy 'n vergelyking gebruik. Jy kan die skildery bekyk en sê: Dit lyk net soos my pa. Maar so 'n vergelyking is nie so kragtig soos wanneer jy die skildery die eerste maal sien en uitroep: Dit is my pa! So 'n uitroep sal aan die kunstenaar die indruk gee dat daar volledige identifikasie is.

Wanneer Jesus die gebreekte brood sy liggaam noem, identifiseer Hy die brood volledig met sy liggaam. So gee Hy dan die waarborg dat net so seker as wat 'n mens gelowig daardie brood tot gedagtenis van Christus eet, net so seker het jy deur die werk van die Heilige Gees deel aan die liggaam en bloed van Christus. Die gelowige eien dan die lyding en sterwe vir homself toe deur middel van die geloof.

Wanneer 'n mens dit so hoor, besef 'n mens dat jy nie outomaties deel kry aan die genade van Christus omdat jy die brood en wyn geëet en gedrink het nie. 'n Mens lê nie beslag op die genade van die Here met jou hand en jou mond nie. 'n Gelowige ontvang die genade van Christus in die hand van die siel – dit is die geloof wat die Heilige Gees aan die

gelowige gegee het. Slegs deur die geloof kan 'n mens deel kry aan die weldade van Christus – dit is die vergifnis van sonde en die ewige verlossing wat Hy bewerk het. Daarom moet 'n mens nie die nagmaal oorskat nie. Jy moenie dink dat jy verlore sal wees as jy nie nagmaal gevier het nie, want dit is nie die nagmaal wat aan jou die vergifnis van sondes en die ewige lewe gee nie.

Maar 'n mens moet ook nie die nagmaal onderskat nie. Die nagmaal is die genademiddel wat die Heilige Gees gebruik om jou geloof te versterk en aan jou die versekering te gee dat jy werklik van jou sondes verlos is en die ewige lewe ontvang het. Dit is moeilik om te sê met hoeveel die Heilige Gees 'n mens se geloof versterk tydens die nagmaal. Net elke gelowige sal self kan sê en agterkom hoeveel hy die Here meer vertrou. Om te keer dat ons in twyfel en in geestelike depressie verval, beveel Christus sy gelowiges om gereeld nag-maal te vier. Gelowiges moet die nagmaal gebruik.

En met *gebruik* word nie net bedoel dat 'n mens aan die tafel gaan sit, van die brood eet en van die wyn drink nie. As 'n mens aan die tafel gaan sit en nie gelowig nadink oor wat Christus vir jou aan die kruis gedoen het nie, dan het jy maar net brood geëet en wyn gedrink. Om die nagmaal reg en troosryk te gebruik, moet 'n mens aandag gee aan wat die Here met die ge-breekte brood en uitgegiete wyn aan jou afbeeld. Wanneer 'n mens dan gelowig van die brood eet en die wyn drink, maak die Heilige Gees Christus se gehoorsaamheid, geregtigheid en heiligheid joune, want jy eien sy lyding en sterwe vir jou gelowig toe.

Selfs die jong lidmate wat nog nie hulle geloof openlik bely het en wat nie self al aan die tafel sit nie, kan die sakrament van die nagmaal dan gebruik. Daar waar jy in die bank sit en jy dink gelowig na oor wat Christus aan die kruis vir jou gedoen het terwyl jy die brood en wyn sien en jy glo met jou hele hart dat Christus ook vir jou gesterf het, dan het jy ook die sakrament van die nagmaal gebruik.

En wanneer dit gebeur, kan jy ten volle seker wees dat jou skuld vergewe is. Luister net hoe bely ons dit in die laaste woorde van hierdie antwoord: ***Hy verseker ons ook dat al sy lyding en gehoorsaamheid so seker ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het.***

Wil jy sekerheid oor jou verlossing hê, broer, suster en kind? Gebruik dan die genademiddels wat die Here gegee het. Sy Woord – lees dit biddend en bestudeer dit. Dit is jou Here wat met jou persoonlik praat en jou vertel hoe Hy werk sodat jy Hom ten volle kan vertrou. Gebruik die sakramente wanneer die Here dit bedien, want Hy wil hê dat jy met oorgawe in sy diens sal lewe omdat jy Hom vertrou.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 62: 4, 5 (p. 302)

- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe<sup>o</sup> en lot,  
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,  
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.
- 5 In God is al my heil, my eer, / my sterke rots en teëweer.  
God is my toevlug in die lewe. / Vertrou op Hom, o volk, in smart  
stort voor Hom uit jul hele hart, / God is 'n skuilplek, hoog verhewe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
8 April 2018